Pretorium Trust

*Die kaart met 'n bonus - The card with a bonus*

# JAARVERSLAG

# 2025





**www.bonuscard.co.za**

**T : 012 361 5526 | E : pretorium@pretorium.co.za**

**Ingersolweg 40, Lynnwood Glen, 0081 | Posbus 35797, Menlo Park 0102**



Pretorium Trust (Koöperatief) Beperk is 'n Gemagtigde Finansiëledienste-verskaffer (Lisensienr 2753) en Geregistreerde Kredietverskaffer (NCRCP 228).

# KENNISGEWING VAN JAARLIKSE ALGEMENE VERGADERING

Die sewe-en-sewentigste Jaarlikse Algemene Vergadering van Lede van die Koöperasie word op Dinsdag, 11 November 2025, om 17:00, gehou te Pretorium Gebou, Ingersolweg 40, Lynnwood Glen.

**SAKELYS**

1. Kennisgewing van die vergadering.
2. Bekragtiging van Notule van Jaarlikse Algemene Vergadering van Lede gehou op 12 November 2024.
3. Voorsittersrede.
4. Voorlegging en bekragtiging van die volgende:
   - 4.1 Verslag van die voorsitter.
   - 4.2 Verslag van die Raad van Direkteure.
   - 4.3 Staat van Omvattende Inkomste, Staat van Finansiële Posisie en Ouditeursverslag.
5. Bekragtiging van aanstelling en vergoeding van Ouditeur.
6. Spesiale besluite:

   Die uitsetting van lede kragtens Artikel 17(1) van die Konstitusie van die Koöperasie.
7. Verkiesing van direkteure.
8. Algemeen.

In opdrag van die Raad van Direkteure.

**MEV M J JORDAAN** **8 OKTOBER 2025**
**HOOF UITVOERENDE BEAMPTE** **PRETORIA**

**Raad van Direkteure:** J A van Zyl - Voorsitter;
J H Cilliers; C P J Pienaar; K Sacks en Mev Z R P Matsau.
**Bestuur:** Mev M J Jordaan - Hoof Uitvoerende Beampte.

## VOORSITTERSVERSLAG

Geagte Lede,

In die 87ste bestaansjaar van Pretorium Trust is dit vir my `n voorreg om namens die Raad van Direkteure verslag te doen oor die werksaamhede van Pretorium Trust gedurende die finansiële jaar wat op 15 September 2025 geëindig het.

Vir Suid-Afrikaners was 2025 'n jaar wat gekenmerk is deur ekonomiese druk en onsekerheid. Die stygende koste van voedsel, brandstof en elektrisiteit het bykomende druk geplaas op gesinne, wat reeds deur hoë rentekoerse en 'n verswakkende rand onder druk was.

Die politieke landskap het ook bygedra tot hierdie onsekere atmosfeer. Voortdurende debatte oor dienslewering en beleidsvorming, tesame met die komplikasies van die koalisiebestuur, het verbruikersvertroue beïnvloed en 'n klimaat geskep waar finansiële besluite meer konserwatief geneem moes word as in vorige jare.

## WERKSAAMHEDE VAN DIE KOÖPERASIE

Pretorium Trust se omset het die afgelope finansiële jaar 'n afname getoon van 2,18 % tot R1,255 miljard teenoor die vorige finansiële jaar. Verbruikers is nie net meer selektief in hul inkopies nie, maar die realiteit het huishoudings gedwing om hul prioriteite te heroorweeg en 'n manier te vind om beperkte begrotings verder te rek, terwyl hulle steeds in noodsaaklike behoeftes voorsien, wat 'n direkte impak op koopgedrag gehad het. Die netto wins het weens bogenoemde redes met 4,16 % afgeneem.

Die netto wins wat vir verdeling beskikbaar is, bedra R45,423 miljoen, wat 'n groot bydrae lewer tot lede se bestedingsvermoë gedurende die feestyd.

Die finansieringsportefeulje toon dat dit steeds 'n baie gewilde fasiliteit is vir ons lede. Die bedrag belê in die afbetalingsverkoop-ooreenkomste is R107,043 miljoen, teenoor R112,777 miljoen die vorige finansiële jaar. Hierdie afname kan toegeskryf word aan rentekoerse op finansiering van voertuie en duursame artikels, wat vir die grootste deel van die afgelope finansiële jaar hoog gebly het. Dit het aansienlike druk op verbruikers geplaas, wat op krediet staat gemaak het om nuwe voertuie of artikels te vervang of te koop. Dit het ook gelei tot versigtige bestedingspatrone, met baie huishoudings wat groot aankope uitgestel het. Namate rentekoerse geleidelik begin daal het, was daar 'n mate van oplewing, maar die algehele koste van finansiering het 'n sleutelfaktor gebly wat verbruikersgedrag beïnvloed het.

Die Koöperasie se ledefondse is egter steeds optimaal aangewend, wat gelei het tot beter winsgewendheid.
Afbetalingsverkoopooreenkomste word aan lede gebied teen gunstige, vaste rentekoerse en met geen aanvangs- of administratiewe fooie nie.

As geregistreerde Gemagtigde Finansiële Dienste-verskaffer bied Pretorium Trust steeds korttermynversekeringsdienste aan lede en ontvang lede persoonlike en kundige diens. Hierdie versekeringsfasiliteite bied persoonlike- sowel as kommersiële vesekering aan lede. Pretorium Trust is as makelaar van Discovery, Hollard en Santam geregistreer.

Kommissie verdien op versekeringspremies het R16,485 miljoen bedra. Hierdie inkomste wat Pretorium Trust as 'n tussenganger verdien, bedra 22,16 % van die totale inkomste. Dit is 'n belangrike inkomstebron wat wesenlik bydra tot 'n hoër bonuspersentasie op lede-aankope en versekeringspremies. (Sien Grafiek 2)

Tans maak slegs 4 128 lede van hierdie versekeringsfasiliteit gebruik en lede word aangemoedig om by die versekerings-afdeling navraag te doen oor die premies en voordele wat hierdie versekeringsfasiliteite aanbied. Hierdie versekeringspremies kwalifiseer ook vir die jaarlikse bonus.

Mediese "gap cover", onderskryf deur Stratum, word aan lede gebied. Hierdie premies kwalifiseer ook vir die jaarlikse bonus. Die Koöperasie se kommissie-inkomste word aangevul met die kommissie ontvang van Stratum.

Reisversekering deur TIC, 'n afdeling van Santam Beperk is, ook beskikbaar aan lede. Lede kan ook op hierdie premies bonus verdien.

Assupol bied ook eksklusiewe voordele aan Pretorium Trustlede in die vorm van 'n begrafnis- en 'n beskermingsplan. Met die beskermingsplan kan u Pretorium Trust rekening verseker word vanaf so min as R4,00 per maand. Doen gerus navraag.

## FINANSIËLE RESULTATE

Handelskorting ontvang van leweransiers op lede-aankope is steeds die Koöperasie se hoof-inkomstebron en het vanjaar R28,974 miljoen bedra teenoor R29,788 miljoen verlede jaar. Hierdie verlaging kan toegeskryf word aan die verlaging van omset. Die handelskorting verteenwoordig 38,87 % vergeleke met die 39,60 % van totale inkomste verlede jaar. Alternatiewe inkomstebronne is weereens optimaal aangewend om die maksimum moontlike bonus te kan verklaar. Dit stel die Koöperasie in staat om vanjaar 'n eenvormige bonusverklaring van 3,98 % op alle aankope (brandstof uitgesluit), korttermyn-versekerings- en "gap cover"- premies aan lede vir oorweging voor te lê.

Die prima rentekoers-verlaging het 'n merkbare impak op rente-inkomste gehad. Terwyl dit die ekonomie in sekere sektore ondersteun het, het dit rente-opbrengste verminder. Rente-inkomste, wat die vorige finansiële jaar 31,70 % van totale inkomste uitgemaak het, het vanjaar 31,09 % beloop. (Sien Grafiek 2). Gelde op beleggings word bepaal deur rentekoerse van die instelling om sodoende die beste opbrengs te verkry.


Ten spyte van die stygende tendens in skuldberadingsgevalle die afgelope finansiële jaar het slegte skulde afgeskryf R767 818,23 bedra en verteenwoordig slegs 0,061 % van ledebesigheid wat ietwat laer is as die vorige jaar. Hierdie bevredigende resultate is te danke aan doeltreffende kredietkeuring en -beheer, sowel as lede se dissipline en vermoë om hul kredietaankope oordeelkundig te bestuur ten spyte van die moeilike ekonomiese toestande en die kredietbeheermaatreëls wat in terme van die Nasionale Kredietwet gehandhaaf moet word.

61,12 % van die bruto inkomste, na aftrekking van uitgawes, is vir verdeling beskikbaar, vergeleke met 63,26 % verlede jaar. Dit word in monetêre waarde in Grafiek 1 geïllustreer.


## SOSIALE KOÖPERATIEWE VERANTWOORDELIKHEID

Sosiale koöperatiewe verantwoordelikheid is 'n fundamentele deel van die bedryf van besigheid. Pretorium Trust is dus ten volle verbind tot sy koöperatiewe sosiale verantwoordelikheid teenoor al sy lede, sakevennote, werknemers en die algemene gemeenskap. 'n Omvattende Sosiale Verslag is saam met die geouditeerde finansiële state beskikbaar. Benewens die verwagte nakoming van wetgewing en regulasies, glo Pretorium Trust dat die stel van die hoogste standaarde in terme van etiek, besigheidsintegriteit en volhoubaarheid sy verantwoordelikheid is.

## GRAFIEKE




Grafiek 1




Grafiek 2

Bedrae verskuldig as gevolg van aankope by `n leweransier is as sekuriteit aan daardie leweransier gesedeer.

## JAARLIKSE BONUS

'n Bedrag van R45 423 141,30 is vanjaar vir verdeling beskikbaar, vergeleke met R47 395 484,17 die vorige jaar. Die Raad van Direkteure beveel aan dat 'n eenvormige bonus van 3,98 % op aankope, korttermynversekeringspremies en "Gap Cover" premies aan lede verklaar word, waarvan 3,80 % in kontant betaal en die balans na die Ledebelangefonds oorgeplaas word vir toekomstige betaling. Die bonusverklaring vir die vorige finansiële jaar het 4,10 % bedra, waarvan 3,85 % in kontant aan lede uitbetaal is.

Lede se November 2025-rekeninge sal met die bedrae van hulle bonusse gekrediteer word.

'n Vergelyking tussen bruto inkomste en die bedrag wat vir verdeling beskikbaar is, word in Grafiek 1 weerspieël.
Ten spyte van verskeie reklamemetodes, bly u as lede steeds ons beste bron van publisiteit en bemarking. Hou asseblief in gedagte dat:

- as 'n koöperasie word die netto wins van Pretorium Trust op 'n transaksiegrondslag tussen lede verdeel;
- alle transaksies waarop 'n handelskorting ontvang word, asook korttermynversekeringspremies en mediese "gap cover"- premies vir 'n eenvormige bonus kwalifiseer; en
- BTW as deel van die aankope deur lede beskou word en die bonus ook daarop bereken word.

## FINANSIËLE TOESTAND

**RESERWES – R19 256 106**

- **ALGEMENE RESERWE – R15 904 142**
  Verbeurdverklaarde Bonusse, onopgeëiste Vooruitbetalings- en Ledebelangefonds, sowel as Lidmaatskapfooie ten bedrae van R275 076, is vanjaar na die Algemene Reserwe oorgeplaas.

Die bedrag van R554 554 is as gevolg van regsaanspreeklik-heid teen Pretorium Trust as makelaar aan 'n eiser betaal.

**NIE-VERDEELBARE RESERWE – R3 351 964**

- Die Nie-verdeelbare Reserwe is met R42 241 vermeerder soos voorgeskryf deur die Koöperasie Wet.

**LEDEFONDSE – R121 187 904**

- **LEDEBELANGEFONDS – R49 418 130**
  Gedurende die jaar is R2 897 902 na die Fonds oorgeplaas, terwyl dit met R1 966 894 ten opsigte van uitbetalings verminder is.
- **VOORUITBETALINGSFONDS – R62 920 961**
  Gedurende die jaar is die Fonds met R11 155 990 aangevul, terwyl terugbetalings R10 367 199 bedra het.
  Voorsiening vir die betaling van rente teen 1,25 % per jaar is hiervoor in die finansiële state gemaak en lede se November 2025-rekeninge sal daarmee gekrediteer word.
- **LEDELENINGS – R8 848 813**
  Bedrae van R1 000 of meer kan teen rente deur lede aan Pretorium Trust vir 'n tydperk van minstens 12 maande geleen word. Gedurende die jaar is die Fonds met R1 271 704 aangevul, terwyl terugbetalings R1 175 420 bedra het.

## TOEKOMSTIGE BEPLANNING

Die oogmerk van Pretorium Trust vir 2026 is om die Koöperasie se winsgewendheid en ledetal te verhoog en die hoogste moontlike bonus aan sy lede uit te betaal. Dit sluit in bewusmaking en ledewerwing aan die breë publiek en om die huidige finansieringsportefeulje uit te brei om verdere voordeel daaruit te trek. Die groei van die versekeringsbedrywighede is 'n prioriteit wat die wins kan verhoog en diens- en produkuitbreiding aan lede kan bied. Wat tegnologiese ontwikkeling betref, sien Pretorium Trust uit na die beskikbaarstelling van 'n nuwe kaartsisteem, wat reeds die afgelope drie jaar in hersiening was. Hierdeur sal die funksionaliteit en sekuriteit van ons bestaande kaarte uitgebrei word om voordele vir lede te verbeter. Daar word ook deurgaans pogings aangewend om addisionele dienste, produkte en leweransiers aan Pretorium Trust lede beskikbaar te stel.

## DANKBETUIGING

Die Raad van Direkteure wil graag ons opregte dank betuig aan al die lede vir hul volgehoue lojaliteit en ondersteuning gedurende die afgelope jaar ten spyte van ekonomiese druk en baie mededingers in die mark.

Ons wil ook ons verskaffers, versekeraars en sakevennote bedank vir hul voortgesette samewerking, toewyding en vertroue in ons visie. Hul bydraes speel 'n belangrike rol om te verseker dat ons, ons lede effektief kan dien.

'n Spesiale woord van dank gaan aan die bestuur en personeel wie se toewyding, professionaliteit en lojale diens weereens grootliks bygedra het tot die sukses van Pretorium Trust en die tevredenheid van ons lede.

Met dank
**J A VAN ZYL**
**VOORSITTER: RAAD VAN DIREKTEURE**

## DIREKTEURSVERSLAG

Die Raad van Direkteure bied hul verslag aan vir die jaar geëindig 15 September 2025.

## AARD VAN BESIGHEID

Pretorium Trust se besigheid word op die volgende grondslag bedryf:

Gesamentlike voordele word vir lede ten opsigte van die aankoop van hul huishoudelike en ander persoonlike benodigdhede beding;

Lenings en huurkoopfinansiering word aan lede toegestaan; en

Pretorium Trust tree op as agent van sy lede of in hul belang as tussenganger in verband met hulle versekeringsbesigheid.

Daar was nie enige verandering in die aard van die besigheid van Pretorium Trust gedurende die finansiële jaar nie.

## FINANSIËLE RESULTATE

Die Koöperasie se resultate en die stand van sake word uiteengesit in die finansiële state wat op die volgende bladsye verskyn en soos verder in die voorsittersverslag toegelig is.

## RAAD VAN DIREKTEURE

Mnr J H Cilliers is gedurende die jaar as direkteur deur die Raad van Direkteure gekoöpteer. Sy aanstelling as direkteur sal tydens die Jaarlikse Algemene Vergadering van lede vir bekragtiging voorgelê word.

Die ampstermyn van Mnr C P J Pienaar verstryk vanjaar en hy is herkiesbaar.

Nominasievorms (verkrygbaar vanaf die kantoor) vir 'n voornemende direkteur, tesame met 'n curriculum vitae, moet minstens sewe (7) dae voor die jaarvergadering in besit van die Hoof Uitvoerende Beampte wees en moet deur 5 lede onderteken wees. Voornemende direkteure moet reeds vir 'n minimum van vyf (5) jaar lede van die Koöperasie wees.

## KORPORATIEWE BESTUUR EN GEDRAGSKODES

Die Raad van Direkteure van Pretorium Trust is verbind tot goeie korporatiewe bestuur en onderskryf die waardes en etiese gedragskodes soos aanbeveel in die beginsels van goeie bestuur vir Koöperasies en die King IV-verslag. Die Raad het 'n handves aanvaar waarin hulle pligte en verantwoordelikhede vervat is en hierdie handves is by die kantoor van die Koöperasie ter insae beskikbaar. 'n Volledige Bestuursbesluitnemingsverslag is saam met die volledige stel geouditeerde finansiële state beskikbaar.
'n Ouditkomitee wat bestaan uit twee nie-uitvoerende direkteure is verantwoordelik vir en doen verslag aan die Raad van Direkteure oor die integriteit en kwaliteit van die finansiële state, die rekeningkundige stelsels en die doeltreffendheid van interne ouditkontroles. Die Ouditkomitee het hulle ook vergewis van die kwalifikasies en onafhanklikheid van die eksterne ouditeure.

## AKTIWITEITE NA AFSLUITING VAN DIE FINANSIËLE JAAR

Geen wesentlike feite of omstandighede wat van belang is vir die beoordeling van die Koöperasie se stand van sake, het tussen 15 September 2025 en die datum van hierdie verslag plaasgevind nie.

• THIS REPORT IS ALSO AVAILABLE IN ENGLISH

**PRETORIUM TRUST (KOöPERATIEF) BEPERK**

**STAAT VAN FINANSIëLE POSISIE**
**OP 15 SEPTEMBER 2025**

| | 2025 | 2024 |
|---|---|---|
| | R | R |
| **BATES** | | |
| **NIE-BEDRYFSBATES** | 85 829 880 | 91 626 493 |
| Vaste eiendom met verbeteringe teen boekwaarde | 11 376 638 | 11 376 638 |
| - Erf 88 Lynnwood Glen, Pretoria | | |
| Ander vaste bates | 597 847 | 653 804 |
| Kosprys | 2 315 982 | 2 344 203 |
| Min: Opgehoopte depresiasie | (1 718 135) | (1 690 399) |
| Verskuldig deur lede – langtermyn | 71 816 940 | 77 390 479 |
| Afbetalingsverkoopooreenkomste | 69 207 990 | 74 531 283 |
| Lenings aan lede | 2 608 950 | 2 859 196 |
| Verbandlenings – Personeelbehuisingslenings | 2 038 455 | 2 205 572 |
| **BEDRYFSBATES** | 244 031 232 | 237 380 776 |
| Verskuldig deur lede – korttermyn | 43 825 299 | 44 367 102 |
| Afbetalingsverkoopooreenkomste | 37 835 811 | 38 246 044 |
| Lenings aan lede | 2 378 905 | 2 489 856 |
| Ope rekeninge | 3 906 398 | 3 880 063 |
| Voorsiening vir twyfelagtige skuld | (295 815) | (248 861) |
| Diverse debiteure | 2 719 363 | 3 112 314 |
| Verhaalbaar van leweransiers | 2 349 875 | 2 365 477 |
| Vooruitbetaalde uitgawes | 136 195 | 210 806 |
| Kontant en kontantekwivalente | 195 000 500 | 187 325 077 |
| Inkomstebelasting | - | - |
| **TOTALE BATES** | **329 861 112** | **329 007 269** |
| **EKWITEIT EN LASTE** | | |
| **LEDEBELANG EN RESERWES** | 64 787 755 | 67 039 282 |
| Lidmaatskapfonds | 108 508 | 108 214 |
| Verdeelbare reserwes – algemene reserwes | 15 904 142 | 16 225 861 |
| Onverdeelde wins | 45 423 141 | 47 395 484 |
| Nie-verdeelbare reserwes | 3 351 964 | 3 309 723 |
| **LASTE** | 265 073 357 | 261 967 987 |
| **NIE-BEDRYFSLASTE** | 117 029 091 | 115 209 292 |
| Vooruitbetalingsfonds | 62 920 961 | 62 132 170 |
| Ledebelangefonds | 49 418 130 | 48 487 122 |
| Aftreevoordeelverpligting | 4 690 000 | 4 590 000 |
| **BEDRYFSLASTE** | 148 044 266 | 146 758 695 |
| Inkomstebelasting | 133 150 | 146 266 |
| Krediteure | 137 184 733 | 136 019 371 |
| Voorsienings | 1 858 883 | 1 840 529 |
| Ledelenings | 8 848 813 | 8 752 529 |
| Oortrokke bank | 18 687 | - |
| **TOTALE EKWITEIT EN LASTE** | **329 861 112** | **329 007 269** |

**Geteken namens die Raad van Direkteure:**
J.A. Van Zyl - Voorsitter, J.H. Cilliers, Z.R.P. Matsau, C.P.J. Pienaar, K. Sacks.
Indien u 'n stel volledige finansiële state verlang, is dit op aanvraag by die Hoof Uitvoerende Beampte beskikbaar.

**PRETORIUM TRUST (KOöPERATIEF) BEPERK**
**STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE**
**VIR DIE JAAR GEëINDIG 15 SEPTEMBER 2025**

| | 2025<br>R | 2024<br>R |
|---|---|---|
| **LEDE BESIGHEID** | 1 255 170 356 | 1 283 222 210 |
| **HANDELSKORTINGS, KOMMISSIEGELDE EN INKOMSTES UIT LEDEKENNISGEWINGS** | 47 813 405 | 47 819 470 |
| **RENTE** | 23 171 985 | 23 845 612 |
| RENTE INKOMSTE | 24 549 771 | 25 355 290 |
| RENTE UITGAWES | (1 377 786) | (1 509 678) |
| **ANDER INKOMSTE** | 3 556 599 | 3 549 643 |
| **BRUTO INKOMSTE** | 74 541 989 | 75 214 725 |
| **MIN: ADMINISTRATIEWE- EN ALGEMENE UITGAWES** | 28 985 291 | 27 632 084 |
| Personeelkostes | 20 281 906 | 19 033 824 |
| Professionele fooie | 299 656 | 308 654 |
| Ander uitgawes | 5 626 610 | 5 504 776 |
| Onverhaalbare skulde | 767 818 | 819 123 |
| Ouditeursvergoeding | 323 693 | 302 806 |
| Raad van Direkteure | 1 353 408 | 1 350 482 |
| Depresiasie | 285 246 | 187 077 |
| Verhoging/(verlaging) in voorsiening vir twyfelagtige skuld | 46 954 | 125 342 |
| **Netto wins voor inkomstebelasting** | 45 556 698 | 47 582 641 |
| Inkomstebelasting | (133 150) | (186 238) |
| **Netto wins na inkomstebelasting** | 45 423 548 | 47 396 403 |
| Onverdeelde wins aan die begin van die jaar | 47 395 484 | 46 881 129 |
| **Wins aangewend soos goedgekeur op die ledevergadering** | 47 395 484 | 46 881 129 |
| Bonusse | 44 497 598 | 44 072 989 |
| Oorgeplaas na ledebelangefonds | 2 897 886 | 2 808 140 |
| Bonusse oor/(onder)voorsien vorige jaar | (407) | (919) |
| Behoue verdienste oorgedra na algemene reserwe | - | |
| **Onverdeelde wins aan die einde van die jaar** | **45 423 141** | **47 395 484** |

**PRETORIUM TRUST (KOöPERATIEF) BEPERK**
**STAAT VAN KONTANTVLOEI**
**VIR DIE JAAR GEëINDIG 15 SEPTEMBER 2025**

| | 2025<br>R | 2024<br>R |
|---|---|---|
| **KONTANTVLOEI UIT BEDRYFSAKTIWITEITE** | 247 916 | (1 513 778) |
| **Kontant deur bedrywighede voortgebring** | 22 816 913 | 24 049 448 |
| Bedryfsinkomste voor belasting | 45 556 698 | 47 582 641 |
| Aansuiwering vir nie-kontantvloei items: | | |
| - Verhoging /(verlaging) in voorsiening vir twyfelagtige skuld | 46 954 | 125 342 |
| - Verhoging/ (verlaging) in voorsiening vir aftreevoordeelverpligting | 100 000 | - |
| - Depresiasie | 285 246 | 187 077 |
| - Netto beleggingsinkomste | (23 171 985) | (23 845 612) |
| Netto beleggingsinkomste | 23 171 985 | 23 845 612 |
| Kontant aangewend om netto bedryfskapitaal te (verhoog)/verlaag | 1 801 176 | (2 498 866) |
| **Kontant deur bedryfsaktiwiteite voortgebring** | 47 790 074 | 45 396 194 |
| Inkomstebelasting betaal | (146 267) | (27 924) |
| **Kontant beskikbaar uit bedryfsaktiwiteite** | 47 643 807 | 45 368 270 |
| Bonusse uitbetaal | (47 395 891) | (46 882 048) |
| **KONTANT BENUT IN BELEGGINGSAKTIWITEITE** | 5 477 997 | 7 266 485 |
| Toename in vaste bates | (229 289) | (403 292) |
| Afname /(Toename) in verbandlenings | 167 117 | 158 983 |
| Afname /(Toename) in afbetalingsverkoopooreenkomste | 5 733 527 | 7 331 141 |
| Afname/(Toename) in lenings aan lede | 361 196 | 179 653 |
| Regseis betaal | (554 554) | — |
| **KONTANTGEVOLGE VAN FINANSIERINGSAKTIWITEITE** | 1 930 823 | 697 896 |
| (Afname)/Toename in lidmaatskapfonds | 294 | (1 200) |
| Toename/(Afname) in vooruitbetalingsfonds | 853 657 | (438 678) |
| Toename/(Afname) in lenings van lede | 96 284 | 457 893 |
| Toename/(Terugbetaling) van ledebelangefonds | 980 588 | 679 881 |
| Netto (afname)/toename in kontant en kontantekwivalente | 7 656 736 | 6 450 603 |
| Kontant en kontantekwivalente -begin van die jaar | 187 325 077 | 180 874 474 |
| **Kontant en kontantekwivalente - einde van die jaar** | **194 981 813** | **187 325 077** |